Liewe vriende, Julie 2017

Dit is die hemelse gesig wat Johannes gesien het in openbaring 4 en 5 waarmee die Here ons die afgelope tyd bemoedig het en wat ons dring om aan te gaan met die werk waarvoor God ons geroep het. Sal dit nie heerlik wees daardie dag wanneer ons almal klein en groot uit elke stam, nasie, volk en taal voor die troon van God sal staan en Hom sal prys, vir Hom wat ons met sy bloed gekoop het!! Die uitdaging is, hoe meer die boosheid in hierdie wereld toeneem, hoe meer moet die Hemelse gesig vir ons in fokus kom.



OM MOÇAMBIQUE

**Transforming Lives and Communities**

Hieronder is n "update" oor die werk in Mosambiek.

## OM Mocuba Opleidingsentrum Julie 2017

Soos reeds genoem in vorige nuusbriewe is OM se werk in Mosambiek hoofsaaklik gebaseer op die opleidingsentrum in Mocuba, in die Noordelike deel van die land in die Zambezia-provinsie waarby ons ook grotendeels betrokke is.

Ons visie is om voort te gaan met die sendingopleiding op die basis en Mosambiekers uit te daag om sendelinge te wees en na die onbereikte gebiede van Mosambiek te stuur.

Die infrastruktuur op die basis is in die proses van verbetering en een van ons doelwitte is om elektrisiteit, badkamers en lopende water aan ons studente en gaste op die basis te verskaf en om die nuut opgeknapte "dormitories" vir die studente te onderhou. Ons begeerte is om studente in staat te stel om te lees en skryf tot laat met 'n lig aan en die voorsiening van badkamers nader aan hul slaapsale. Die verbeterings sal 'n beduidende verskil in die kwaliteit en kwantiteit van die sendingopleidings program wat tans op die basis aangebied word en ook vir gaste akkommodasie waarborg.

### Uitdagings en gebede

- ❖ Om elektrisiteit, badkamers en lopende water aan ons studente en gaste op die basis te verskaf en om die nuut opgeknapte “dormitories” vir die studente te onderhou.
- ❖ Die einde van September klaar te wees met die bou van die reservoir om die studente en die gemeenskap in die droë maande te voorsien van water wanneer die putte op die basis geen water het nie.
- ❖ Om die grond waarop die OM Opleidingsentrum tans bedryf word, te registreer en om 'n muur rondom die sentrum te bou.
- ❖ Ons het 'n groot opleidingsbasis in Mocuba wat groot potensiaal het om baie sendelinge en kerkleiers op te lei. Ons het egter baie min werkers.

❖ Ons het 6 studente wat in Oktober gaan gradueer. Bid dat hulle gemotiveerd en toegerus sal wees om volgende jaar hul praktiese werk as sendelinge effektief en met passie vir die verlore siele te doen

**OM Biblioteek Mocuba**

Die visie van die OM-biblioteek in Mocuba is om plaaslike mense die geleentheid te gee te kan lees asook boeke te voorsien wat sal help met skoolwerk. Om kinders te motiveer om te lees; Om kerke toegang te gee tot Christelike bronne en materiaal en om geleenthede te skep om lewens en die gemeenskap deur opvoeding te transformeer.



**Uitdagings en Gebede**

- Om die Biblioteek einde Augustus 2017 oop te maak. Dit benodig nog 'n paar afrondings op die gebou en meer Portugese boeke.
- Prys die Here vir die voorsiening van grond vir die biblioteek en goeie verhoudings met die plaaslike regering.
- Bid dat meer kwaliteit boeke in Portugees gevind en gekoop word sodat die biblioteek kan oopmaak en ons kan begin uitreik na die gemeenskap.

**Tabitha Sewing Project**

Die doel van die Tabitha-projek is om weduwees en kwesbare individue te bemagtig deur hulle te leer hoe om kwaliteit items te maak sodat hulle self onderhoudend kan wees.



Uitdagings en Gebede

Ons benodig meer mense wat opleiding kan doen en wat betrokke sal wees by die ontwikkeling van die vroue om hulself deur middel van naaldwerk en ander beroepsvaardighede te onderhou. Om ook die vroue te dissipel en hulle te leer hoe om met die finansies te werk. Dit sal hul geloof en vertroue versterk, sodat hulle die evangelie en vaardighede aan hul bure kan oordra.

**OM Mecula**



OM bou tans 'n gemeenskapsaal in Mecula. Die visie is om die harte van die Yao-Moslem-gelowiges aan te raak deur eers Engels en Portugees te onderrig en dan deur die Evangelie te deel.  Hierdie taal lesse sal die OM span in staat stel om verhoudings in die Moslem-gemeenskap te bou en geleenthede vir gemeenskap en dissipelskap te bied. Die visie is ook om kinders 4-6 jaar te leer om Portugees en Engels te praat sodat hulle na die Portugese skool kan gaan om verder onderrig te word.

**Uitdagings en Gebede**

- Om die Gemeenskapsaal voor einde Augustus vanjaar te voltooi.
- Bid vir die span om verhoudings in die Moslem gemeenskap te bou en dat die Here geleenthede vir gemeenskap en dissipelskap sal bied.
- Vir meer werkers om by Limardes en sy span aan te sluit.
- Ons is dankbaar vir 'n skenking van 5 fietse wat OM Mecula vir die kerkplanters ontvang het, wat hulle in staat sal stel om hul werk doeltreffender te maak.

**OM Incaia**

Die OM-sentrum in Incaia, in die Gaza-provinsie van Mosambiek, is 170 km van die hoofstad Maputo. Dit is reg langs die hoofweg oppad na die Noorde van Mosambiek geleë.

Daar is baie oop deure om die plaaslike kerke in die Gaza en Inhambane provinsies op te lei, uit te rus en te mobiliseer, asook om uit te reik na die kerk in Maputo. Om hierdie doel te bereik, is meer werkers nodig om die kerk toe te rus en uitreik programme en mobiliserings programme uit te voer.

**Uitdagings en Gebede**

- Om OM Incaia te ontwikkel as 'n opleidingsbasis om sendelinge in die suide van Mosambiek op te lei en toe te rus.
- Om die kerk in die Gaza en Inhambane Provinsies te onderrig en toe te rus met 'n duidelike visie van sy rol in die samelewing as transformasie agent.
- Bid vir meer mense om by die werk in Incaia aan te sluit.
- Om uitreikgroepe en mobiliserings programme te akkommodeer.
- Om die "new zones"  te bedien en te ontwikkel. (Foto regs)



Dankie vir elkeen se ondersteuning en gebede.

Seen en Vrede vir julle
Charl en Annetjie

Charl sel Moz +258 871 5229 59

Whatsapp Charl +27 828 947965
Whatsapp Annetjie +27 822 165164

**Haggai 2:4,*5*** ***But now take courage, Zerubbabel, says the Lord. Take courage, Jeshua son of Jehozadak, the high priest. Take courage, all you people still left in the land, says the Lord. Take courage and work, for I am with you, says the Lord Almighty. My Spirit remains among you, just as I promised when you came out of Egypt. So do not be afraid.***